

## Ontwikkelinge in die Afrikaanse poësie die afgelope dekade

(Voordrag gelewer deur prof Bernard Odendaal by 'n byeenkoms van Dames Perspektief, Bloemfontein, 13 Maart 2010)

Hierdie oorsig oor ontwikkelinge in die Afrikaanse poësie die afgelope dekade moet noodwendig bondig en onvolledig wees. Tematiese ontwikkelinge in hierdie tydperk sluit nou aan by wat ek in my *Perspektief en profiel 3*-oorsig oor die Afrikaanse poësie van 1998 tot 2003 as dusdanige tendense aangetoon het, en ek gee hier dus min aandag hieraan.

Dis nou al ou nuus dat die publikasie van Afrikaanse digkuns by die hoofstroomuitgewers van 10 jaar gelede, dié uit die NB-stal, destyds 'n laagtepunt bereik het. Digtters was dikwels genoop om bundels deels of totaal self uit te gee (soos selfs die pryswennende Zandra Bezuidenhout, met haar debuut *dansmusieke* van 2000).

Gelukkig het Protea Boekhuis en Lapa-uitgewers daardie selfde jaar tot die Afrikaanse digbundelmark toegetree, later ook PRAAG en Genugtig!, en deesdae selfs Engelse uitgewerye soos UMUZI en Random House. Ook NB kon sy uitgewershuis intussen in orde gekry. Vandag verskyn daar jaar na jaar ongeveer 20 behoorlik gekeurde en geredigeerde digbundels, waaronder telkens 'n paar debute.

Tafelberg se *Nuwe stemme*-reeks, waarvan deel 4 (saamgestel deur Danie Marais en Ronel de Goede) verlede week by Woordfees in Stellenbosch bekendgestel is, het ook 'n belangrike rol gespeel om digdebutante voorlopig onder die aandag van die leserspubliek te bring. Daardeur is opkomende verskunstenaars aangemoedig om te werk in die rigting van eie solobundels. Van die 16 debutante in *Nuwe stemme 2* (saamgestel deur Petra Müller en Nèlleke de Jager), wat in 2001 gepubliseer is, het byvoorbeeld die helfte intussen met eie bundels vorendag gekom.

Geleentheidsbloemlesings soos *As die son kom oogknip* (samesteller Fanie Olivier, 2002), *Honderd jaar later* (samesteller Johann Lodewyk Marais, 2006) en *My ousie is 'n blom* (samesteller Charl-Pierre Naudé, 2006) het in 'n mindere mate tot laasgenoemde bygedra.

'n Ander belangriker impuls tot die hernude bloei in die Afrikaanse poësie, veral in die openbare belangstelling daarin, was die florerings van Afrikaanse kunstefeeste. Hiertoe het die inisiatief van Louis Esterhuizen, eienaar van die Protea Boekwinkel op Stellenbosch, en sy vrou Marlise Joubert om sedert 2005 elke jaar 'n Versindaba daar in die Boland te organiseer, waarskynlik die meeste bygedra.

Joubert noem in haar "Inleiding" tot *Versindaba 2009* dat 95 digters in die 5 jaar van die bestaan van die indaba daaraan deelgeneem het. Dit verteenwoordig ongeveer almal wat tans as digters aktief is in die Afrikaanse literêre veld. Wat meer is: Die fees, en die daarmee gepaardgaande bloemlesing, speel kennelik 'n stimulerende rol in die bedrywighede binne die Afrikaanse poësisisteam, terwyl dit ook die media-aandag trek.

Nicol Stassen (besturende direkteur van Protea Boekhuis wat die *Versindaba*-publikasie borg) skryf in sy "Voorwoord" tot die eerste *Versindaba 2009* dat dit vir hom voorkom of die verskeidenheid van die Afrikaanse digkuns toegeneem het (beide in temas en tegnieke) oor die 5 jaar bestaanstydperk van die indaba. Dit gebeur volgens hom ook al hoe meer dat "poësie in ander tale neerslag in Afrikaans vind", waaronder 'n klein maar merkbare toename in gepubliseerde bundels vertaalde digkuns in Afrikaans gereken moet word. Ook die gebruik om "belowende digters te nooi" en van hul werk in die bloemlesingsreeks op te neem, het vrugte afgewerp: "n Beduidende aantal het sedertdien hulle debuutbundels gepubliseer," skryf Stassen.

Jannie Mouton, wie se stigting vanaf die begin die hoofborg van die Versindaba was, het in sy verwelkomingstoespraak tydens 2009 se fees uitgewys dat daar rondom 2005 sowat 10-12 Afrikaanse digbundels per jaar verskyn het; tans tel hy rondom die 20, soos ek ook aan die begin genoem het.

Voeg hierby die stimulerende en in die oog plasende bydraes van poësiekompetisies en –slypskole, ook via internet, en die groeiende aantal sentra waar voor- én nagraadse kursusse in Afrikaanse kreatiewe skryfwerk gevolg kan word (Universiteite van Suid-Afrika, Pretoria, die Vrystaat, Kaapstad en Stellenbosch, ook Noordwes-Universiteit op Potchefstroom). Ook die verskeidenheid pryse wat met digbundels verower kan word, is in hierdie verband te noem. (Loftus Marais se *Staan in die algemeen nader aan vensters* van 2008 het 'n ongehoorde 4 pryse as debuutbundel vir hom binnegehaal, onder meer die Proteaprys geborg deur Nicol Stassen, uitsluitlik vir digkuns bedoel.)

En dan het ek nog nie eens webwerwe soos *LitNet*, *Woes*, *Roekeloos*, *Huis vir Afrikaanse poësie*, *Komsat digitaal*, en *Verskryt* genoem nie – virtuele ruimtes waarin na hartelus gepubliseer en soms ook kennersterugvoer verkry kan word. 'n Verskynsel wat verbaas in hierdie verband, is die webtuiste *Versindaba*, wat sowat 9 maande gelede geloods is deur die eerste Louis Esterhuizen en Marlise Joubert.

Hoewel net reeds gepubliseerde digters hier gedigte kan plaas, bied dié werf skakels na al die genoemde webwerwe, en verder 'n soort eenstopdiens vir die Afrikaanse (en al hoe meer ook die Nederlandstalige) digkuns: nuuswekkers met skakels na allerlei belangwekkende gebeure wat poësie in die hele wêreld betref, bekendstellings van en resensies oor

nuwe digbundels, essays en artikels oor digters en digkuns, blogs bedien deur digters in Suid-Afrika en die Lae Lande, ensovoorts. Na net 9 maande het dié webblad verlede maand (Feb 2010) 8,503 individuele besoeke uit 79 lande gehad, waarvan 63.4% nuwe besoekers was. 10 Maart 2010, 3 dae gelede, was die eerste keer dat 'n duisend besoeke op een dag gebring is.

Dit beteken dat dié webblad 127,72% bo die wêreld-gemiddeld vaar vir aantal besoeke per poësiewebblad – nie sleg vir 'n ou klein taaltjie aan die uithoek van die wêreld nie, skryf Louis Esterhuizen in 'n e-posbrief aan my.

Waar die poësie dus rondom 2000 as 'n nogals bedreigde genre in die Afrikaanse letterkunde gesien kon word, is dit sedertdien sodanig gekoester en gestimuleer dat Leti Kleyn (2008a), in 'n bestekopmaking van die stand van die Afrikaanse poësie tussen 2004 en 2007, tot die gevolgtrekking kom dat dit as genre “nie meer aan die spreekwoordelike agterspeen suig nie”; trouens, dat dit selfs as 'n bevoorregte genre beskou kan word.

Parallel aan die groeiende belangstelling loop wat as 'n demokratisering van die Afrikaanse digkuns genoem kan word: 'n oopmaak van die toegang tot die poësie-sisteem (deur die genoemde slypskole, skryfkursusse en geleentheidspublikasies) en 'n strewe om die hiërargieë van “hoog” (of elitêr) en “laag” (of populêr) daarin gelyker te maak.

Die keuring by toelating tot slypskole of tot publikasie op veral webwerwe (behalwe *Versindaba*) is minder streng of ongeveer afwesig. Volbloeddigters, *rocks*angers en lirieskrywers boer saam op verhoë in bekvegte (i.e. blitsdigkompetisies) en “shows” (soos OOPMOND, KLANKDIG en SKEMERVERSE op die afgelope Woordfees). Digters soos Koos Kombuis, Gert Vlok Nel en Toast Coetzer word sangers, en *rockers* soos Andries Bezuidenhout, Steve Hofmeyr, Hunter Kennedy en Jak de Priester maak andersom. Amanda Strydom, Johannes Kerkorrel, David Kramer, Stef Bos, en dergelike publiseer hul lirieke as (glansend gebinde) “digbundels”. Talle CD's van makers van ligte musiek spog met toonsettings van gedigte (Laurinda Hofmeyer, Herman van der Berg, Anneli van Rooyen, Andries Bezuidenhout, die *rock*groep DKW, ensovoorts).

Verwant aan die podium-optredes van digters is die wyse waarop woordkunstenaars as vennote van visuele kunstenaars op kunsuitstallings by feeste opduik. Vergelyk

- die “Uit die palm van die land”- en “ALLOOI”-projekte in 2008 en 2009 op die Volksblad-kunsteftes;
- Strijdom van der Merwe se “Haikoes. Gebede vir die landskap”-projek by die KKNK van 2008, waar haikoes deur Afrikaanse digters op Tibettaanse vlae in die Kleinkaroo-landskap rondom Oudtshoorn uitgestal is;
- of die “Kreatiewe Kreature”- en “Oor die einders van die bladsy”-projekte onder leiding van Franci Greyling van die Noordwes-Universiteit, wat, soos die genoemde ALLOOI-uitstalling, ook op die afgelope Woordfees in Stellenbosch te sien was.

En dan het ek maar net enkele voorbeelde genoem.

Die “demokratiseringstendens” in die Afrikaanse poësie word waarskynlik op sy daadwerklikste gedemonstreer as 'n mens die 2000- en 2008-uitgawes van *Groot verseboek* (beide kere met André P. Brink as samesteller) vergelyk met vorige uitgawes (onder samestellerskap van D.J. Opperman). Uiteraard weerspieël die verskillende samestellings die poësiebeskouings van die individuele samestellers, maar hulle is ook uitings van heersende ideologiese en derhalwe ook heersende poësiebeskoulike houdings.

Kritici soos Hein Willemsse (1999) kon byvoorbeeld oortuigend aantoon dat D.J. Opperman se verseboeksamestellings wesenlik 'n Afrikanernasionalistiese beleving vergestalt het, met literêr-historiese belang en estetiese gehalte as verdere deuslaggewende kriteria. Met *GV2000* en die 2008-uitgawe val die klem steeds sterker op insluitendheid; staan dit klaarblyklik in die lig van die Suid-Afrikaanse “reënboognasie”-ideaal van ná 1990.

Alleen al die omvang van *GV2008* – drie dele wat in totaal 1 300 bladsye gedigte bevat ('n groei van meer as 40% op *GV2000*) – getuig van die strewe na insluitendheid. Let ook op hoe, in 'n aansienlik groter mate as voorheen, digters of gedigte ingesluit is wat “slegs” in geleentheid- en introduksiebloemlesings (soos *Nuwe stemme*) gepubliseer is; of hoe Brink begin het om al hoe meer gedigvertalings in Afrikaans en selfs liedtekste of lirieke op te neem. Iets wat Opperman glad nie gedoen het nie.

Dis egter nie slegs die groter verskeidenheid vennootskappe na buite wat die Afrikaanse poësie gesluit het of die groter “sigbaarheid” en populariteit van die Afrikaanse poësie wat uitings van dié demokratiseringstendens is nie. Belangrike ontwikkelings in die aard van toonaangewende digkuns moet ook verreken word.

Tydens *Versindaba* 2006 op Stellenbosch is nogal skerp oor tendense in die Afrikaanse poësie verskil. Breedweg gestel, is daar twee teenstellend geagte strominge onderskei (Odendaal, 2009):

- 'n meer tradisioneel *liriese* verskuns, waarin 'verdigende' elemente soos hegte klankstrukturering, ritmiese gestileerdheid, beelddsamehang, stilistiese kompaktheid, betekenisimplikasie-vermenigvuldiging asook die uitbuiting van vormgewingskodes oorheers;
- en 'n vryer, spontaner en toegankliker poësie, dikwels gekenmerk deur die benutting van *spreekritmes* en 'n meer *verhalende* inslag.

Laasgenoemde tendens is deur een gespreksinleier (Phillip John) as “anti-poësie” bestempel. Ander deelnemers, waaronder een van die digdebutante van daardie jaar, Danie Marais, het gemeen dit verteenwoordig dalk 'n vernuwende koers in die Afrikaanse digkuns.

By Versindaba 2007 het Lina Spies haar, in haar Dana Mouton-gedenklesing getiteld “Wat is poësie?”, in geen onsekere terme nie geskaar by die opponente van die “praatpoësie” – laasgenoemde 'n bestempeling wat al meermale aangaande die tweede van die hierbo geïdentifiseerde soorte verskuns gebruik is (onder andere deur Hambidge, 2006:5, en Hugo, 2006). Spies (2007:108) meen onder meer dat

- hierdie soort Afrikaanse poësie van die jongste tyd, waar dit volgens haar “'n ongekende bloeyd [beleef] gesien al die literêre geleenthede waartydens digters in die kollig staan, hulle verse voorlees en geapploudisseer word”, alte veel “bly steek in die anekdotiese;
- [dit] word verhalend en prosaïes;
- wek die indruk van poësie te wees deur kunsmatig gevormde versreëls sonder ritmiese noodsaak”.

Van watter digters se werk praat ons hier? Onder die jongeres waarskynlik die werk van Marius Crous, Danie en Loftus Marais, Ronelda Kamfer, Andries Bezuidenhout, Johannes Prins, Toast Coetser, Jelleke Wierenga, en derglike – maar gevestigde digters soos Antjie Krog, Charl-Pierre Naudé, H.J. Pieterse, Marlise Joubert, Louis Esterhuizen, Johann Lodewyk Marais, en derglike se werk het eweneens betrekking.

Hoewel ek nie in enige besonderhede daarop kan ingaan nie (vergelyk Odendaal, 2009), wys ek graag daarop dat die opvatting dat poësie wesenlik liries van aard is, eers sedert die 18de eeu, toe die Romantiese lewens- en kunsbeskouing sy invloed laat geld het, oorheersend geword het. Die domein van die verhalende literatuursoort is terselfdertyd toenemend as die van die romankuns gesien.

Uit daardie Romantiese siening van die verskuns het in die twintigste eeu 'n outonomistiese – en oorwegend taalpragmatiese of retoriese – fokus op die “wêreld in woorde” van veral die enkelwerk voortgevloei. Hierdie ontwikkeling het waarskynlik verder bygedra tot die onderbeligting van die vertellende/verhalende samehange in enkelgedigte, gedigreekse en bundelgehele in die grootste deel van die twintigste-eeuse literatuurstudie.

Die oplewing in die verhalende soort “praatpoësie” is nie uniek aan Afrikaans nie; soortgelyke tendense kan byvoorbeeld in onlangse tye ook in die Nederlandstalige en Engelstalige sisteme bespeur word.

Vergelyk die volgende, inderdaad dikwels diskusseerbare, uitsprake (deur die samesteller, Niel Astley) in die inleiding tot die Engelstalige bloemlesing *Staying Alive. Real poems for unreal times* (wat ook vertalings uit 'n verskeidenheid ander tale bevat). Dié boek het sedert die aanvanklike publikasie daarvan in Brittanje in 2002 – 'n jaar later ook in bygewerkte formaat in die V.S.A. – 'n yslike verkoopsukses geword. In Brittanje was dit binne 'n week die topverkoper onder digkunspublicasies. 'n Paar Astley-uitsprake:

- *The best contemporary poetry is life-affirming and directly relevant to all our lives.* (Bladsy 19)
- *My aim has been to select strong lucid poems by a wide range of poets which will speak to intelligent readers everywhere.* (Bladsy 19)
- *[C]lear poems with [...] power [...] are often formally complex. Their immediacy and directness may have been achieved only after much reworking. That kind of artistry is unobtrusive and does not draw attention to itself, for the poem and the “message” are one and the same.* (Bladsy 20)
- *In Brittain, Staying Alive was attacked by [...] academic poets for ignoring “a century of poetic invention and exploration.” But this isn’t a book for poetry’s avantgardists and experimentalists, for those who’ve cut off poetry from its readers.* (Bladsy 25)

Die oplewing in die narratiewe, “praterige” vers moet dalk in samehang gesien word met die postmodernistiese radikale relativisering van die sogenaamde “Grote Vertellings” (of Lyotardiaanse meesternarratiewe, wat eenduidige, totaliserende waarhede sou projekteer). 'n Aangewesenheid op sogenaamde klein vertellings wat hoogstens voorlopige en streng individuele regverdige bied, is hierdeur in die hand gewerk (Vaessens & Joosten, 2003:86-87). Sulke klein vertellings, waar hulle neerslag in die poësie vind, vertoon daarom dikwels duidelike trekke van die outobiografiese. Stolk (2007:1129-1130 & 1137) wonder selfs of daar 'n verband kan bestaan tussen die oplewing in narratiewe digwerk en die oorgang na wat hy, vertaald, “'n deelnemende internetkultuur” noem.

Maar as jy van die “outobiografiese” in die poësie praat (iets wat al in 1999 deur Helize van Vuuren as ’n opvallende tendens in Afrikaans uitgesonder is), is jy al weer na aan die liriese inslag. En soos Neil Astley voorin *Staying Alive* uitgewys het, beteken narratiewe en meer toeganklike poësie nié dat ingeboet word wat betref stilistiese en vormlike afwerking nie. Jonger onlangse Afrikaanse prysweners soos veral Charl-Pierre Naudé, Danie Marais, Loftus Marais en Gilbert Gibson se werk munt uit in die geslypte aard van die individuele verse, die hegtheid van die bundelopbou, die resonansie van die intertekstuele spel en die verwoording van boeiende en verdiepende raaiselagtighede wat daarin voorkom. Voeg hierby die verwikkelde werke van “ou staatmakers” soos Antjie Krog, T.T. Cloete, Breyten Breytenbach, I.L. de Villiers, Pirow Bekker, Johann de Lange, Johan Myburg en Lucas Malan wat in onlangse jare verskyn het, en dis duidelik dat hier nie sprake kan wees van ’n oorheersing van die “praatpoësie”-stroom in Afrikaans nie.

Die situasie maak eerder ’n indruk van verskeidenheid, lewendigheid, bloei. Tekenend hiervan is die “hertoetrede” van digters van wie ons lank laas as digters gehoor het: Jeanne Goosen wat na 32 jaar weer met ’n bundel, *elders aan diens* (2007) vorendag gekom het; I.L. de Villiers ná 27 jaar weer met *Jerusalem tot Johannesburg* en *Vervreemdeling*; Henk Rall na 26 jaar met *Geskryfte van ’n vermiste digter*; Rosa Smit en Fanie Olivier na 21 jaar met, onderskeidelik, *Die begeleiding van duiwe* en *Apostroof*; Johann de Lange na 14 jaar met *Die algebra van nood* ...

Die veroudering- en bejaardheidstematiek is nie verniet ’n opvallende preokkupasie in ’n hele paar bundels uit die afgelope dekade nie. Ek noem enkeles: Barend Toerien se *Die huisapteek*; Petra Müller se *Die aandag van jou oë*; Pirow Bekker se *Stillerlewe* en *Van roes en amarant*; I.L. de Villiers se genoemde twee bundels; Antjie Krog se *Verweerskrif*; Breyten Breytenbach se *die windvanger*; T.T. Cloete se *Heilige nuuskierigheid*.

Hiernaas staan egter die toetrede van debutante wat soms nog in hul twintigerjare is (Carina Stander, Loftus Marais, Danie Marais, Ronelda Kamfer en later vanjaar ook Jasper van Zyl), en in wie se werk byvoorbeeld die aktuele *expat*-problematiek (Suid-Afrikaners wat hul heil oorsee probeer soek) en vrae na ’n Suid-Afrikaanse en/of Afrikaner-identiteit meermale prominent is (soos, natuurlik, ook in “ouer” digters se werk: Wessel Pretorius, Wilma Stockenström, Antjie Krog, Breyten Breytenbach – noem eintlik maar op).

’n Terrein wat my persoonlik ’n bietjie bekommer, is die van die poësiekritiek. Dit lyk of die ywer rondom die bevordering van die Afrikaanse poësie, en die demokratiseringstendens daarin, ’n ongeduld met streng kritiek in die hand gewerk het. Kort-kort is daar skermutselings in die pers en op die internet oor resensies waarin meer negatief oor bundels geoordeel word. ’n Uitgewer soos LAPA het (by monde van Dineke Volschenk – kyk Kleyn, 2008b) sommer reguit gesê dat sulke resensies die publikasie van nuwe digbundels kan ondermyn – ’n indirekte dreigement dus.

Bydraend tot die erns van die saak is die afskaling of sluiting van Afrikaans-departemente oral aan tersiêre instellings in die land, sodat daar eintlik maar ’n handjievol poësiepesialiste onder literatore oorgebly het wat meer vanaf ’n objektiewe afstand na verwikkelinge sou kon kyk. Nou kom dit al hoe meer voor dat digters moet inspring om ander digters se werk te resenseer. Die gevaar van baantjies vir boeties word alte groot.

’n Kwessie wat ek ten slotte graag wil uitlig, is die benutting van niestandaardvorme van Afrikaans in die onlangse poësie. Soos ek in die oorsig op die Afrikaanse digkuns van 1998-2003 in die derde deel van *Perspektief en profiel* (2006) aangetoon het, hang dié tendens in ’n sekere sin met die verpopulariserings- of demokratiseringstendens saam. Dis trouens ’n besondere uiting van die strewe na spreektaaligheid wat ’n uitstaande kenmerk van veel van die twintigste-eeuse Afrikaanse poësie is, en eintlik vanselfsprekend sal voorkom in die hierbo bespreekte “praatpoësie”.

In die *Groot verseboek*-uitgawes onder Brink se redakteurskap word die benutting van niestandaardvariëteite van Afrikaans dan ook besonder opvallend gemaak. In beide word afgesien van D.J. Opperman se kniebuiging voor die norm van Standaardafrikaans. Brink (2000: i & iii) bemerk in Opperman se destydse modernisering van “die geradbraakte of skryf-soos-jy-praat taal van die Eerste Taalbeweging”, asook in sy hantering van Peter Blum, Adam Small en Boerneef se taal-“kaperjolle” as “curiosa”, ’n oorwegende “ideologiese konstruksie”, by implikasie dié van Afrikaner-nasionalisme met sy sentralisering van ’n “Algemeen-Beskaafde” norm.

Brink keer dus in sy samestelling terug “na die oorspronklike skryfvorme, in aansluiting by die verruklike verskeidenheid van afrikaanse (met ’n kleinlettertjie) wat deur jonger generasies geskryf word” (Brink, 2000:iv).

So word die aandag gevestig op ontwikkelinge op die breër Afrikaanse taalterrein wat hulle veral sedert die 1980s gemanifesteer het, naamlik die groeiende bevraagtekening van die hegemonie van Standaardafrikaans en die opkoms van wat al “Alternatiewe Afrikaans” en “Aktuele Afrikaans” genoem is, asook van “Loslitafrikaans” of “Engfrikaans”, “Kaaps” en “Griekwa-Afrikaans” in die media en/of letterkunde (Odendaal, 2006:109).

Uit die Afrikaanse literatuurgeskiedenis blyk dat die gebruik van (elemente van) niestandaardvariëteite van Afrikaans in die poësie in die eerste plek maatskaplik-politiese oorspronge of oogmerke kan hê. Dit kan die uiting wees van bepaalde streeks- (Boerneef, George Weideman, Thomas Deacon) of groepsidentiteite/-realiteite (byvoorbeeld Adam Small en sommige van die latere sogenaamde Kaapse Vlakke-digters).

Andersyds (of tegelykertyd) kan dit 'n vorm of onderskraving van maatskaplik-politiese verset of ideologiekritiek wees, naamlik as 'n teenvoeter vir of ter ondermyning van die standaardvariëteit soos gesien as toegeëien deur die voormalige Afrikanermaghebbers (Peter Blum se "Kaapse sonnette", Adam Small, enkele Kaapse Vlake-digters).

Die gebruik van niestandaardvariëteite van Afrikaans kan in die tweede plek literêr-strategiese funksies hê.

- As stilistiese element kan die (baanbrekende) benutting daarvan meewerk om literêre vernuwing teweeg te bring, soos in die "Kaapse" gedigte van Peter Blum en Adam Small in die vyftiger- en sestigerjare geïllustreer.
- Maar dit kan 'n nog radikaler uitwerking hê. Willemse (1999:11-12) toon aan hoedat die verheffing van "Kaapse werkersklas-Afrikaans (Kaaps)" deur die "swart Afrikaanse digters" van die Kaapse Vlake in die laat 1970s en die 1980s 'n "faset van 'n ondermynende estetika" was (sosiale relevansie of temporaliteit, teenoor "universaliteit" of "algemeen geldigheid" as dominante waardeoordele van die heersende literatuuropvatting van destyds). Soos Van Vuuren (1999) uitgewys het, het dié "swart Afrikaanse skrywers" by implikasie, deur die diskreditering van die bestaande kanonieke praktyke en deur terselfdertyd nuwe/bykomende beoordelingsmaatstawwe daar te stel, die weg voorberei om self tot die sentrum van die kanon te kan vorder.

In sy resensie van Peter Snyders se *Tekens van die tye* (2002) skryf Philip John (2002:9) dat die kritiese ingesteldheid en die gebruik van Kaaps in Snyders se vroeër bundels duidelik gestrook het met 'n "breë solidariteit" rondom die "struggle" van die onderdrukte teen apartheid. 8 jaar na die totstandkoming van die voluit gedemokratiseerde Suid-Afrika bemerk John egter "'n sterker middelklas-aard" in Snyders se poësie, en is dit nou makliker om te sien dat die poësie van Snyders – soos dié van baie van die digters wat Kaaps as uitdrukkingsvorm gebruik (Adam Small uitgesluit) – eintlik deel vorm van 'n stroming in die Afrikaanse digkuns ... Dit is 'n stroming wat op die alledaagse fokus en waar die digter 'n unieke – en gewoonlik streek- of situasiegewortelde – perspektief op gebeure verwoord." Dié soort poësie vertoon sins insiens kenmerke soos toeganklikheid en aardsheid, gevatheid, "'n praterige gemoedelikheid" en 'n sterk satiriese en kritiese inslag.

Wat John skryf, strook met wat T.T. Cloete (1980:124) reeds dertig jaar gelede uitgewys het, naamlik dat die groter spreektaaligheid wat een van die belangrikste kenmerke van die Afrikaanse poësie sedert Sestig is (en wat die gebruik van niestandaardtaalvariëteite insluit), juis gepaard gaan met 'n verhewigde "sin vir die natuurlike, ongekunstelde en primêre" in die lewe – dat die vorme van spreektaaligheid eintlik taalverkonkretiserings van gewoon-aardse en plaaslike werklikhede verteenwoordig.

Nog digters wat (deels of deurentyd) Kaaps benut in publikasies die afgelope dekade, sluit Marius Titus, George A. Hill, Willem Fransman, Eileen Green, Illona Edwards, Kiwidore Fillis, Ronelda Kamfer en Vernie Plaatjies in. Ook Loit Sôls met *My straat en anne praat-poems* (1998) en *Die faraway klanke vanne hadeda* (2006) sluit hierby aan, hoewel hy self sy tongval, na die geluid van die Klopsetrom, Goema noem.

Ook die gebruik van Loslit- of Engfrikaans verdien aandag. Ek noem in hierdie verband uit die laaste 10 jaar digters soos Cornelius van der Merwe, Wessels Pretorius, Ronel Nel, Toast Coetzer, Jeanne Goosen, Johannes van Jerusalem, Danie Marais, Loftus Marais, Jelleke Wierenga en Johannes Prins in wie se werk Engelse uitdrukkings minder of meer opvallend benut word.

Dit word al meer 'n uitdrukking van bepaalde sosiale en taalwerklikhede in die Afrikaanse gemeenskap, en al minder 'n ekspressie van politieke of ideologiese standpuntinname. Danie Marais, tydens sy deelname aan 'n RSG-gesprek oor die stand van die ernstige Afrikaanse literatuur by die afgelope Woordfees op Stellenbosch, wys byvoorbeeld daarop dat die toenemende verlies aan funksies vir Afrikaans in die regspleging, die handel en nywerheid, die finansiële en politieke wêreld, ensovoorts, ensovoorts, dit toemend moeilik maak vir prosaskrywers om karakters uit daardie leefwêreld outentiek en oortuigend in Standaarsafrikaans uit te beeld. Om dieselfde redes voel veral jonger digters waarskynlik aan dat volgehoue Standaardafrikaans nie meer lewensgetrou aandoen nie.

Die einste Danie Marais (kyk Nel, 2006:8) verklaar byvoorbeeld dat hy "met die toon van die vertellerstem [in sy debuut, *in die buitenste ruimte*] probeer om gestalte te gee aan 'n gebroke, eietydse lewensgevoel en het sodoende outomaties nader aan die ritme van die spreektaal beweeg". Hy was "op soek na 'n soepel kruising tussen die 'hoë' kultuur van die literatuur en die 'lae' kultuur van pop, rock en comics" – 'n toon wat "spontaan en ongekunsteld klink".

En Ronel Nel verdedig die Engfrikaanse "spreektaal" wat sy in haar gedigte gebruik soos volg: "Die styl waarin ek [...] skryf, is toeganklik. Ek dink dit nooi mense uit om te luister, anders as met die meer formele poësie waar die leser weens die formele taal vervreem word van die gedig." (Nieuwoudt, 2002:11)

Nog 'n baie belangrike gebruiker van Loslitafrikaans in onderdele van haar poësie, is Antjie Krog. In *Kleur kom nooit alleen nie* (2000) en *Verweerskrif* (2007) gebruik sy dit ook, hoewel spaarsamig. Daarnaas, in die strewe om ook inheemse stemme hoorbaar te maak, word (trekke van) die Nama-getinte Afrikaans van die mense van die Richtersveld ingespan in die openingsafdeling en die slotgedig van *kleur kom nooit alleen nie*. Na aanleiding van 'n radio-onderhoud

met Daniel Hugo (2001a) het sy te kenne gegee dat sy dit juis doen ter ondermyning van die “hoogdrawenheid” van Standaardafrikaans. Ook Weideman (2001:6) beklemtoon die ondermyningswaarde van hierdie taalgebruik deur Krog.

Die benutting van die Afrikaansvariëteite van die droë noordwestelike dele van ons land – soos die Richterveldse klanke in Krog se *Kleur kom nooit alleen nie* - is nie nuut nie. 'n Mens ken dit uit onder meer Boerneef en George Weideman se werk. In die bloemlesing *Metafore van herlewing* (Afrikaanse Skrywersvereniging, 2002) verskyn enkele gedigte deur John Boyes en Florence Ann Filton in die Namakwalandse tongval, waarin min indien enige spore van Engels te vinde is. Laasgenoemde is ook die geval in die Griekwa-Afrikaans wat Thomas Deacon en Hans du Plessis benut.

Slotsom? Die Afrikaanse poësie is springlewendig, dankie. As die poësie 'n aanduiding kan wees van Afrikaanse mense se ondernemingsgees en kreatiwiteit, sal hulle nog baie bulte uitgebeur kry, en baie waens deur die drif kan sleep.

**Bernard Odendaal, Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, Universiteit van die Vrystaat**

### **Bronne daadwerklik geraadpleeg**

- Afrikaanse Skrywersvereniging. 2002. *Metafore van herlewing*. Pretoria: Lapa.
- Astley, Neil. 2003 (2002). *Staying Alive. Real poems for unreal times*. New York: Miramax Books.
- Brink, André P. (samest.). 2000. *Groot verseboek*. Kaapstad: Tafelberg.
- Brink, André P. (samest.). 2008. *Groot verseboek*. Kaapstad: Tafelberg.
- Cloete, T.T. 1980. Poësie. In: Cloete, T.T. (red.). *Die Afrikaanse literatuur sedert Sestig*. Goodwood: Nasou Beperk. Bladsye 115-317.
- Hambidge, Joan. 2006. Marais se aangrypende, genoeglike debuut (resensie oor Danie Marais se *in die buitenste ruimte*). *Rapport-Perspektief*, 22 Oktober:5.
- Hugo, Daniel. 2001. In gesprek met Antjie Krog. Aanlyn: <http://www.mweb.co.za/linet/seminaar/hugokrog/asp>. Toegang: Februarie.
- Hugo, Daniel. 2006. Buitengewone debuut verwoord buitelanderskap (resensie oor Danie Marais se *in die buitenste ruimte*). [www.litnet.co.za](http://www.litnet.co.za). (Toegang op 15 Maart 2007.)
- John, Philip. 2002. Resensie oor *Tekens van die tye* (Peter Snyders). *Die Burger*, 10 Junie: 9.
- Joubert, Marlise (samest.). 2009. *Versindaba 2009*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Kleyn, Leti. 2008a. 'n Ander bestekopname van die Afrikaanse poësie, 2004-2007. *LitNet Akademies* 5(1), Augustus.
- Kleyn, Leti. 2008b. Bloed, sweet, “guts” en derms. *By*, Saterdag 18 Oktober:8-9.
- Krog, Antjie. 2000. *Kleur kom nooit alleen nie*. Kaapstad: Kwela Boeke.
- Krog, Antjie. 2006. *Verweerskrif*. Roggebaai: Umuzi.
- Nel, Ronel. 2006. Marais dig kinderlik eerlik (onderhoud met Danie Marais). *Beeld-Plus*, 29 November:8.
- Nieuwoudt, Stephanie. 2002. 'n Uitnodiging om te luister. *Beeld*, 29 Junie:11
- Odendaal, B.J. 2006. Tendensie in die Afrikaanse poësie in die tydperk van 1998 tot 2003. In: Van Coller, H.P. (red.). 2006: 105-148.
- Odendaal, B.J. 2009. Narratiewe elemente in Danie Marais se debuutbundel *in die buitenste ruimte* (2006). *Stilet* 21(2), September 2009: 114-133.
- Opperman, D.J. (samest.). 1986 (negende uitgawe, tweede druk). *Groot verseboek*. Kaapstad: Tafelberg.
- Spies, Lina. 2007. Wat is poësie?: die misterie van 'n ondefinieerbare genre (sic). *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* 14(1):93-109.
- Stolk, Fabian R.W. 2007. Bij een zondagnamiddagwandeling. *De Gids*, november:1121-1127
- Vaessens, Thomas & Joosten, Jos. 2003. *Postmoderne poëzie in Nederland en Vlaanderen*. Nederland: uitgeverij Vantilt.
- Van Coller, H.P. (red.). 1999. *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis, deel 2*. Pretoria: J.L. van Schaik Akademies.

- Van Coller, H.P. (red.). 2006. *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis, deel 3*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
- Van Vuuren, Helize. 1999. Perspektief op die moderne Afrikaanse poësie (1960-1997). In: Van Coller, H.P. (red.). 1999: 244-304.
- Weideman, George. 2001. Afrikaans is kapitaal! *Kwana*, 18 Mei:6.
- Willemsse, Hein. 1999. 'n Inleiding tot buite-kanonieke Afrikanse kulturele praktyke. In: Van Coller, H.P. (red.). 1999: 3-20.